

Rowers slaan toe by Vyandsvlei-winkel

Eienaar noodlottig gewond

Vier rowers het Sondagmiddag ongeveer 17:30 toegeslaan op die winkel by Vyandsvlei, op die pad tussen Heilbron en Sasolburg. Hulle het vermoedelik in 'n wit Volkswagen Polo gereis. Twee gewapende rowers het die winkel binne gegaan waarna daar 'n struweling uitgebreek het. Skote is afgevuur wat die winkeleienaar en een van die verdagtes noodlottig gewond het. Die ander twee verdagtes het op die vlug geslaan. Daar word steeds na hulle gesoek. Die winkeleienaar en die verdagte is op die toneel dood verklaar. Die eienaar is afkomstig vanaf Drie Riviere waar hy gewoon het. Daar word berig dat dit die derde rooftog by die Vyandsvlei-winkel in twee jaar was. Die vorige eienaar is in 2016 en 2017 geroof waarna hy die winkel aan die oorledene verkoop het.

Die naweek op die Vrystaatse paaie het sleg begin. Vyf mense is dood in 'n trompop botsing Vrydagoggend omstreeks 09:00. Die ongeluk het sowat 20km buite Heilbron gebeur op die R57. 'n Volkswagen Citi Golf het met vyf insittendes reg van voor met 'n Toyota Corolla gebots. Al vyf insittendes in die Volkswagen is op slag dood nadat een van die drywers vermoedelik beheer oor die voertuig verloor het. Sondagmiddag het nog 'n ernstige motorongeluk op die Petrus Steynpad plaasgevind. Die bestuurder van 'n Toyota Tazz het van die pad afbeweeg en teen 'n boom gebots. Die twee insittendes is ernstig tydens die ongeluk beseer.



Op die foto Vyandsvlei-winkel. - Foto erkenning: Facebook.
Inlas: Toyota Tazz motorongeluk

Operasie Slaggat

Heilbronners het seker al agtergekom dat Piercestraat weer met moeite-vrye navigasie gebruik kan word. Operasie Slaggat doen sy naam gestand. Die projek het reeds meer as R7 300 ontvang wat dit moontlik maak om meer arbeiders aan te stel om die projek vinniger te laat vloei. Nog meer fondse is nodig om die projek te kan voltooi en 'n sukses van te kan maak.

Baie dankie aan elkeen wat alreeds 'n bydrae gemaak het. Donasies kan steeds in die volgende rekening in betaal word of by Heilbron Herald.

Rekeningbesonderhede:

Rekening naam: Heilbron Herald

ABSA Tjekrekening

Rekeningnommer: 920 380 131

BELANGRIK Verwysing: 'Hbn Teerprojek'

DC FASTENERS

Groothandel in:

- boute
- skroewe
- moere
- wassers
- silicone (soudal)
- ketting

Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid

en vele meer!

Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by
066 293 4826 of e-pos:
dcfasteners@gmail.com

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



TATA
HEILBRON

**VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!**



TATA
HEILBRON

Landbou is 'n vennootskap van klomp rolspelers

• **Vrystaat Landbou**
Vrystaat Landbou (VL) beskou die uitsprake dat 20% produsente 80% van Suid-Afrika se voedsel produseer as onverantwoordelik en gevaarlik. S6 het Francois Wilken, President van VL, ges6 nadat di6 uitlatings onlangs in die media gemaak is.
Volgens hom word landbou in die Vrystaat as 'n geintegreerde vennootskap tussen almal in die landbou-waardeketting beskou. Dit sluit kommunale, opkomende, kommersiële en sogenaamde megaboere, waarvan baie lede van georganiseerde landbou is, in. Landboubesighede en bedrywe, insetverskaffers, verwerkers 6n finansierders is almal kardinale rolspelers in die landbousektor.

“Om byvoorbeeld 'n paar groot beesvoerkrale as die voorsieners van vleis vir die land te sien, is ooreenvoudig. Die beeste wat eers gevoer word, word aan hulle deur die hele spektrum van produsente, ongeag die grootte van die boerdery, voorsien,” het Wilken ges6.
Gewone landbouers belangrik
Hy meen om sekere dele van die waardeketting op te offer 6n die onvermo6 van die regering, korrupsie en ideologiese opportunisme te verbloem, is gevaarlik en onregverdig. “Omdat twee lokomotiewe byvoorbeeld 30 treinwaens trek, kan jy nie besluit om die waens eenvoudig af te haak en dink die lokomotiewe gaan in elk geval die

bestemming bereik nie.”
Volgens Wilken is landbouproduksie ook baie meer kompleks as net die produksie van stapelvoedsel. “Vat die wolbedryf as voorbeeld. Dit is 'n multimiljard-uitvoerindustrie waar die wol soms in van die moeilikste dele van ons land geproduseer word deur gewone en kleiner landbouers.”
Hy het ges6 daar is dus baie ander bedrywe wat 'n rol speel om die broodnodige buitelandse valuta te genereer. Wilken meen die sogenaamde “kleinboere” is die landbouers wat die ekonomie van klein dorpies in stand hou en werk aan die ongeskoolde arbeidsmag verskaf.
Raak betrokke by gevestigte strukture en werk saam.

“Vrystaat Landbou bly, soos deur sy geskiedenis, verbind daartoe om die belange van al sy lede en landbou in die algemeen te dien en te verseker dat elke produsent 'n regverdige en billike kans sal h6 om sy passie uit te leef,” het Wilken ges6.
Volgens hom is dit belangrik dat landbouers binne gevestigde strukture betrokke raak, deelneem en self hul toekoms bepaal.
“Ons moet ook bedag wees vir die misbruik van die media, emosie en persoonlike aanvalle om korttermyn doelwitte te bereik,” het hy ges6. “Elke produsent moet verantwoordelikheid neem vir homself deur betrokke te raak, sy stem te laat hoor en nie net met 'n wenslys te sit en hoop iemand gaan verby kom en dit waar maak nie.”

7	6		9					
			2	5			4	
	3		4		8	6		
4						5		8
	8		3	4	5		9	
1		9						4
		6	7		3		2	
	1			9	2			
					4		7	5

SUDOKU -
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Heilbron Dienssentrumlede gereed vir vasvra



'n Vasvra was nog altyd 'n wenner by Heilbron Dienssentrum. Die lede word omtrent behoorlik vasgevra en dan oortref hulle hulself. Wie onthou byvoorbeeld nog wat is 'n Abramdikpens en 'n Kousbandtjie - 'n koringkriek en 'n slang. Daar word uitgesien na wat die volgende byeenkoms vir die lede inhou. Die lede het ook gesmul aan 'n lekker ete wat bedien was deur die Gereformeerde Kerk. Quarta Pretorius, Elsa Labuschagne en Letitia Moolman, tesame met Leani en Isabel Bennink en Elzette Bergh het die ete geborg. Opregte dank word uitgespreek aan elkeen wat betrokke was. Op die foto bo: Dienssentrumlede maak gereed vir die vasvra.

BESIGHEIDSURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 | Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Office National
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Pizza Bust vir die week



Linda en Leatitia van Snyman en Vennote is Januarie en Februarie druk besig met finansiële jaareindes. Die twee het soos ge-oliede masjiene gewerk om alles betyds afgehandel te kry. Daarom word hierdie week se Pizza Bust deur Buffalo Valley Spur aan hulle gegee. Op die foto verskyn: Linda, Mathapelo en Leatitia.



Op die foto vlnr: Quarta Pretorius, Elsa Labuschagne en Letitia Moolman.

Terugblik



Heilbron Herald, Vrydag 22 Julie 2011 - Sean Fox se eerste Seili
Om jou eerste seilvis te vang is soos vir 'n gholfer om 'n “hole-in-one” te speel, dit gebeur nie baie nie. Maar vir Sean Fox (13) was die afgelope vakansie op Sodwana beskore. Sean se eerste vangs was 'n swart Marlin van sowat 48kg. Saam op die foto is sy broer Jerry wat help vashou het vir die foto. Die seilvis is weer vrygelaat.

KANSA se Shavathon gee hoop

“Colourful is an understatement” is die eerste ding waaraan gedink word as daar gepraat word oor KANSA se Shavathon.

Shavathon geleentheid is verlede week regoor die land gehou waar mense hulle ondersteuning vir kanker pasiënte op verskillende maniere gewys het - of hare is geskeer, of ingekleur, en hare is selfs geskenk. Donasies is ook ingevorder.

Shavathon het begin deur ondersteuning te bied aan kanker-pasiënte omdat haarverlies 'n algemene nuwe-effek van kanker-behandeling is. Fondse word ingesamel deur 'n fooi te betaal wanneer jou hare geskeer of gesproei word.


Alle donasies wat ontvang word, word deur KANSA gebruik om ondersteuningsdienste en sorg aan kankerpatiënte te bied.

Shavathon in Heilbron is op 1 Maart te Luha en Riemlander Trading Post gehou. Inwoners het hulle regdeur die dag ondersteun en met kleurvolle hare weggestap.

'n Persentasie van die fondse wat ingesamel is gaan vir kanker-navorsing en maak dit ook moontlik om benodigdhede aan kankerlyers te verskaf.

Besighede in Heilbron is deur die loop van die dag uitgedaag om ook te gaan deelneem in die pret. Betsie Badenhorst Walsh noem dat dit 'n baie suksesvolle dag was, “tot 'n baard was gespray”.

Van kinders tot grootmense het hierdie inisiatief goed ondersteun.



TUINBOU VERGADERING

- 13 Maart 2019
- 10:00
- Fraaihuis Kwekery

Welma Jurgens van Brits kom ons toespreek oor Clivias & algemene tuinwenke

Bring n vriendin saam en geniet n heerlike oggend!

Bevestig teenwoordiging voor/op 11 Maart by Ina Lombard - 072 444 1601

Hinterland 

WHILE STOCKS LAST!

MASSIVE MARCH Savings

Grow-it WITH BARK

25 FEB - 30 MARCH 2019



R25⁰⁰ EACH

COMPOST 30DM BARK
6009657550504



R30⁰⁰ EACH

INDOOR POTTING SOIL
30DM BARK
6009657550504

Visit your nearest Hinterland branch | www.hinterland.co.za

Hinterland 

© 2019 Hinterland Country and Services Village. All rights reserved. Hinterland and Country and Services Village are trademarks of Hinterland.

Uitsondering op die reël

'n Paar dae gelede ry 'n taxi drie kinders dood en een is ernstig beseer. Net omdat hy nie by 'n rooi verkeerslig gestop het nie. **OM BY 'N ROOI VERKEERSLIG TE STOP, SO KOM EK AGTER, IS DIE UITSONDERING OP DIE REËL.**

Ek wens iemand kan elke oggend saam met my die 8,5 km aflê werk toe. En dan weer saam met my terugry. Want jy moet letterlik by elke groen verkeerslig stop vir ingeval een van die wit vuurwaens oor die rooi lig snel. Soms snel hulle nie eers nie, hulle ry stadiger wanneer almal om hulle stop en hou dan net eenvoudig aan ry.

Hier is vir jou 'n uitdaging: probeer om vir 24 uur lank elke liewe wet, of dit padreëls is, kopiëreg, of die landswette is, na te volg. Dit verg nogal inspanning om presies te maak soos wat dit van jou verwag word.

Maar wat as jy regtig 'n gehoorsame burger wil wees, maar die stelsel laat jou nie toe nie?

Dit was so 10 jaar gelede toe my gewete my begin pla het omdat ek 'n TV-stel het maar geen TV-lisensie het nie. (Ja, dit klink moeilik om te glo, maar ek is een van daardie wat steeds 'n TV-lisensie betaal).

Ek gaan sak en pak poskantoor toe en vra vir 'n aansoekvorm vir 'n TV-lisensie. Nee, sê die klerk agter die toonbank, dit is nie so maklik nie. Ek moet verklaar waar die TV vandaan kom. Ek sê ek neem aan dat die TV aangekoop is. En dit is hoekom ek 'n lisensie wil hê.

Nee, ek moet eers ten minste 'n betaalstrokie wys. Ek vertel vir die klerk dat ek nie vir my TV betaal het nie.

Dan moet ek die mens bring wie vir die TV betaal het. Regtig?

Ek sien op 'n afgeskilferde plakaat wat wemel van die stukkies kleeflint dat daar 'n tolvrye nommer is om 'n TV-lisensie te kry. Ek bel dit. Ek is sò vinnig dat ek nie eers my plek in die ry verloor nie. Ek praat met die klerk aan die ander kant van die lyn en kyk die klerk oorkant my stip in die oë. Ek stel my foon op luidsprekerfunksie en die klerk oorkant my luister na die klerk aan die ander kant van die lyn.

Ek verduidelik dat ek 'n TV-lisensie wil aankoop. O, sê die klerk aan die ander kant van die lyn, vra net vir die klerk oorkant my vir 'n vormpie. Vul dit in en betaal. En voila!

EK WOU BLOOT NET 'N GEHOORSAME LANDS-BURGER GEWEES HET.

En die hele proses het nie menselewens gekos nie. Die ander vraag oor die toepassing van reëls is watter een die meeste weeg: die letter van die wet of die gees daarvan?

Toe ek my werk twee jaar gelede bedank het, moes ek my eie mediese fonds ook bedank. Ek het by my man se fonds aangesluit. Ek het by my eie mediese fonds 'n brief gekry wat stel dat ek geen dodelike siektes het, my fonds misbruik



het of oor die algemeen 'n slegte betaler of pasiënt is nie. Ek moes drie maande lank wag voordat ek enigsins kon beplan om die dokter te gaan besoek.

Na drie maande kon ek steeds niks eis nie, want ek is nog nie lank genoeg daar nie. Toe ek verduidelik dat ek dan 'n skoon rekord van my vorige mediese fonds aangestuur het, maak dit nie saak nie. Want die reël geld altyd dat daar drie maande wagperiode is. Maar soms geld die reël nie.

EK HET 'N RENONS IN REËLS WAT GEMAAK WORD MAAR WAT NIE TOE-

GEPAS WORD NIE. Of om 'n reël te maak en niemand weet waarom dit gedoen word nie.

Ek probeer regtig die *straight and narrow* loop, sonder om die waarheid effens te verdraai. Want die oomblik wanneer ek oor iets lieg, daarvan is ek seker, gaan daar rooi flikkerende ligte rondom my af sodat almal kan sien dat ek die ene is wie leuens vertel.

Wanneer ek oor die rooi lig ry, sal dit op daardie oomblik wees wanneer die verkeerspolisie gereed sit om my in hand- en voetboeie te sit.

Wanneer ek sonder 'n TV-lisensie TV kyk, is ek net so seker dat die TV-polisie ons huis gaan inval en my vir ewig in die tjoekie sit.

Hoekom het dit so maklik geword om reëls te breek?

Ek het my eie opinie daaroor.

Ons kyk om ons rond en sien dat daar niks gebeur met mense wie die wet oortree nie. Die oortredinge word aan die man gebring, maar ons sien nie dat die oortreders gestraf word nie.

Ek weet nie of die Guptas eendag aan SA uitgelewer gaan word nie. Hulle het my en jou miljarde rande gekos, maar of daar iets met hulle gaan gebeur, weet ek nie.

Van ons vorige politieke leiers was verantwoordelik vir erge oortredings, maar tans leef hulle in weelde en ek en jy sorg vir hulle.

Van ons huidige politici maak haatuitsprake en word deur hulle ondersteuners geloof vir hulle waagmoed. Maar wanneer hulle aangekla word, is die hele wêreld se reëls rassisties en nie op hulle van toepassing nie.

DINK GOU AAN JOU DAG: HET JY VANDAG AL DIE REËLS NAGEKOM? Kan jy eerlikwaar sê dat jy vandag gedoen het wat van jou verwag is?

Eerlik-eerlik?

Ek kan nie. Want ek is nog mens. Maar ek probeer. En wanneer ek tereg gewys word, probeer ek regtig om nie die laaste stukkie speelgoed uit my babawiegie te gooi nie. Ek probeer dit vat soos 'n... wel, soos 'n vrou.

Dalk moet elkeen van ons die reëls meer nougeset nakom. Dalk moet ons net die voorbeeld stel.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Tweede Lydensweek

Sondag: 09:30 Erediens

Sin Kol: Bedieningsmateriaal

10:45 Kerkraadsvergadering / Teebeurt: D9, D10, P2, P3
Gemeentetee Blok 2

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Instituut vir Christelike Hoër Onderwys / Katkisasie: Les 7
Diensbeurte: Wyk 5 & 6

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Tweede Lydensweek

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron) / VBO Les 8

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREFF. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondag: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00

Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00

Woensdae: 18:00 Bybelstudie

Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/

booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE
SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.

DIE RUS INGEAAN

† Norman Lourens Ruiters is oorlede in die ouderdom van 56. Sy diens vind plaas op Saterdag, 9 Maart te Sandersville. Hy laat na sy familie en vriende.

† Siphon Stefaans Mokhoanatsé is oorlede in die ouderdom van 58. Sy diens vind plaas op Saterdag, 9 Maart te Reitz. Hy laat na sy familie en vriende.

GEKLASSIFISEERD
Small
Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Lizzy herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
• Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELING			
Sa 9 Mrt.	15 / 24	54% kans vir donderbuie	
So 10 Mrt.	15 / 28	Sonnig	
Ma 11 Mrt.	16 / 29	27% kans vir reën	
Di 12 Mrt.	18 / 28	Warm	
Wo 13 Mrt.	17 / 30	35% kans vir reën	
Do 14 Mrt.	17 / 28	30% kans vir donderbuie	
Vr 15 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	
Sa 16 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	
So 17 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	
Ma 18 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	
Di 19 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	
Wo 20 Mrt.	16 / 29	Sonnig, warm	

KENNISGEWING

KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE
In die boedel van wyle SAREL PETRUS DU PLESSIS, Identiteitsnommer: 770818 5020 089, ongetroud en woonagtig gewees te plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie) en wie oorlede is op 17 Januarie 2018.
Boedelnommer: 001595/2018 (Meester Bloemfontein)
Hiermee word kennis gegee dat duplikate van die likwidasië en distribusie rekenings (derde en finale) in die boedel hierbo vermeld, in die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdros Hof vanaf 18 Februarie 2019 tot 10 Maart 2019, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
Gedateer te Pretoria op hierdie 6de dag van April 2019.
(GET) SA TINTINGER
242 LANGESTRAAT,
NIEUW MUCKLENEUK,
PRETORIA

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET
In die boedel van wyle SUSARA JOHANNA CATHARINA BEATRIX BENEKE, Identiteitsnommer: 261212 0006 085, wie oorlede is op 16 Junie 2018, ongetroud en woonagtig was te Voortrekkerstraat 34, Reitz, **boedelnommer 005244/2018**.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te BLOEMFONTEIN en Landdroskantoor te REITZ vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
CHRISTIE VAN WYK
SAREL CILLIERSSTRAAT 26
POSBUS 98
REITZ, 9810
TEL: 058 863 3468/9
FAKS: 058 863 3467

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET
In die boedel van wyle ADELINA NHLAPO, Identiteitsnommer: 420511 0406 080, wie oorlede is op 29 Mei 2018, ongetroud en woonagtig was te Perseel Nr. 1375, Petsana, Reitz, **boedelnommer 006243/2018**.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te BLOEMFONTEIN en Landdroskantoor te REITZ vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
CHRISTIE VAN WYK
SAREL CILLIERSSTRAAT 26
POSBUS 98
REITZ, 9810
TEL: 058 863 3468/9
FAKS: 058 863 3467

BETREKKING

HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT

Vakante Pos:
Klerewinkel Bestuurder en Assistent Finansies

Pastel ervaring en rekenaarvaardigheid sal in u guns tel.

Stuur volledige CV na:
• e-pos: wilgeskool@lantic.net
• faks: 0866 595 407
• Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 18 Maart 2019

Navrae : Mnr. H. Pelster (058 813 1010)

Ons hoor graag van jou
Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite.
Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.
heraldnuus@heilbron.co.za

SKOOL TERMINE
• Sluit 15 Mrt. Open 2 Apr.
• Sluit 14 Jun. Open 9 Jul.
• Sluit 20 Sept. Open 1 Okt • Sluit 4 Desember

CHRIST THE ROCK COMMUNITY CHURCH PRESENTS
8-10 MARCH 2019
TIME: 6PM EVERY NIGHT
HONOUR THE ANOINTING
HOST APOSTLE AARON MOEPI
GUEST BISHOP L.S. MAKALLA
VENUE: MOHEREPENG TAXI MAIN ROAD NEXT TO VAAL MALL SHACK
MORE INFO: Apostle Aaron Moepegi Facebook OR WhatsApp On: 071 017 8024

BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
PLEK: N.G Kerkzaal (Suid)
• 26 Maart 2019
• 28 Mei 2019
• 23 Julie 2019
• 19 Sept. 2019
(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
• 26 November 2019

TE KOOP

GiG Technologies
Kerk Str. 44
Heilbron
072 847 4473
info@gigtechnologies.co.za
Fast, Reliable Wireless Internet
Now Available!!
From R299.00 p/m

TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
Jolandri
079 846 1075
Heilbron

TE KOOP
• ± 30 ou blikke.
• ± 30 ou langspeel-plate 33 1/3 spoed.
Kom maak 'n aanbod.
Kontak my gerus
072 669 9967
Heilbron
K1652

Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.

Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by **058 852 3033**

EIENDOMME
VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Oir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503

DIENTSE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

VERFWERK SÊ DIT ONS DOEN DIT
Huis reparasies, verf van huis binne en buite, geute, plafonne, verf van dak, putty werk. Ons is dadelik beskikbaar om met werk te begin. Ons waarborg deeglike en professionele diens. 20 Jaar ondervinding. Skakel Chris 064 828 9514 of 073 362 4855 alle ure
K1654

Heilbron Herald
It's Pointless getting your Office Products anywhere else
Office Products Catalogue Edition 20
Out Now

Auditions!!
Raven worship centre .
Tired of walking around with talent like singing ,dancing, playing any instrument this is your opportunity to use it in the house of God, any experience you had will be of much help.
Ages from 16 up are welcome to enter. please sms/whatsapp . your name and number and your occupation you will receive further information.
0635977457
closing date 19 March 2019

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

Hoërskool Heilbron atlete op pad na SA's

Hoërskool Heilbron se sekondêre atlete is gekies vir die Vrystaatspan wat op 23 tot 25 Maart in Port Elizabeth aan die Suid-Afrikaans Atletiekkampioenskappe gaan deelneem. Sarel Mouton - paalspring, Elana Dippenaar - 5000 stap o/17 en Leandri Bennink paalspring o/15, het elk goue medaljes op die Vrystaat byeenkoms behaal

waar De Jager Jooste - paalspring, brons ontvang het. Daar is vier primêre atlete ook gekies wat aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe gaan deelneem te Germiston. Hulle is Anel Volschenk - spiesgooi, Aldi Strydom - gewigstoot, Tiaan Brits - gewigstoot en spiesgooi en Bees Brits - diskus.



Aldi Strydom.



Tiaan Brits



Bees Brits.



Anel Volschenk



Op die foto is Sarel Mouton, De Jager Jooste , Elana Dippenaar en Leandri Bennink.

Kleuters verken die dorp



Die kleuters van Kleuterkaasteel word van vroeg af somer baie slim geleer. Hulle het gister 'n uitstappie geniet na die Poskantoor in Heilbron. Daarna is hulle bederf met lekker melkskommels by San-Jo's. Dis lekker om 'n kleuter te wees!

PUBLIC NOTICE



PUBLIC CONSULTATIVE MEETINGS ON DRAFT ANNUAL REPORT 2017/18

IN TERMS OF SECTION 127 (5) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003 AND SECTION 21 A OF THE MUNICIPAL SYSTEMS ACT, ACT 32 OF 2000 REQUIRE MUNICIPALITIES TO PUBLICISE THEIR ANNUAL REPORT AND INVITE THE PUBLIC TO MAKE REPRESENTATIONS ON THE REPORT AFTER IT HAS BEEN TABLED IN COUNCIL MEETING..

THE PUBLIC MEETINGS WILL BE HELD AS SCHEDULED BELOW:

DATE	TOWN	MEETING	VENUE	TIME
05/03/2019 TUESDAY	VREDEPORT	STAKEHOLDER MEETING	TOWN HALL	17H00
06/03/2019 WEDNESDAY	KOPMIES	STAKEHOLDER MEETING	KWAKWATSI HALL	17H00
07/03/2019 THURSDAY	PARYS	STAKEHOLDER MEETING	PHEHELLANG HALL PARYS TOWN HALL	10H00 17H00
12/03/2019 TUESDAY	EDENVILLE	STAKEHOLDER MEETING	NG KERK	17H00
13/03/2019 WEDNESDAY	HEILBRON	STAKEHOLDER MEETING	PHIRITONA LIBRARY	17H00

COPIES OF THE DRAFT ANNUAL REPORT 2017/2018 ARE AVAILABLE AT THE MUNICIPAL OFFICES, NGWATHE LM WEBSITE, www.ngwathe.gov.za, SATELLITE OFFICES AND LIBRARIES.

For more information, please contact Ms P Ndhlovu on: 056 816 2700

For enquiry, please contact: **IDP/PMS OFFICE**

Tel: 056 816 2700
Email: jordaanr@ngwathe.co.za
puseletsom@ngwathe.co.za

**BW KANNEMEYER
MUNICIPAL MANAGER**



Bieliemieliefees



Die Bulletjie-rugbyspan van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het onlangs tydens die VKB Bieliemieliefees op Reitz hulle wedstryde teen Reitz, Heilbron en Truida Kestell gewen. Hulle is agter vl: Tsegofatso Tshabalala, Danie Janse van Rensburg, Naude van Jaarsveldt. Middel: Lukas Meyer, Mandla Malindi, AJ Fleming en Myburgh Eybers. Voor: Riley Strydom.

Nooddienste wys die Voortrekkers wat hulle kan doen

Dis was 'n blou, rooi, geel en groen Maandag in Heilbron toe Heilbron Voortrekkers 'n omgeeprojek geloods het. Met behulp van Heilbron en Frankfort Brandweer, Heilbron EMS, Simon van Brothers Towing Services, Vrystaat verkeer en Heilbron SAPD was die projek 'n reuse sukses.

Heilbron Voortrekkers wou deur middel van die projek die nooddienste bedank en het hulle genader om te kom deel daarin. Gou is daar begin reël en alles het in plek begin val. Die projek het gedien as 'n opleidingssessie vir die nooddienste sowel as om ander te leer wat gebeur op 'n ongelukstoneel en hoe die toneel hanteer word.

Voortrekkers en leerders van School of Destiny het die rolspel bygewoon. Leerlinge van Heilbron Voortrekkers het deel gevorm van die rolspel wat die toneel van 'n motorongeluk nageboots het. Soos wat gebeur op 'n ongelukstoneel afspel is die rolspel vertolk. Die brandweer het met skreeuende sirenes opgedaag en dadelik die brand geblus wat uitgebreek het. EMS was dadelik op die toneel te sien om die omvang van beserings te kan vasstel en sodoende te kan behandel. Kort op hulle hakke was daar gereed gestaan met "jaws of life" om vasgekeerde slagoffers uit die wrakke te knip. Die insleepdienste was die laaste rolspelers om die voertuig wrakke op te tel en weg te ry. Leerders het baie uit hierdie rolspel geleer en die nooddienste het weer 'n verfrissende opleidingssessie beleef. Hulle is almal gereed om weer lewens te gaan red.



Kompetise wenners

Busta Meule het nog 'n kompetisie behartig te OK Heilbron wat gestrek het vanaf 24 Desember 2018 tot 25 Februarie 2019.

OK geskenkbewyse ter waarde van R2000 was op die spel.

Die volgende wenners het weggestap met breë glimlagte: in die eerste plek is Amelia Galatis, tweede Koos Bierman en in die derde plek Annelie Jacobs.



Briewe aan:

Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.

Elke jaar, bly 'n kerkbasaar 'n fees, en iets om na uit te sien. Dan sien ek daar dieselfde gryskoppe wat staatmakers is, en was. Gooi nie die res van die gemeentede weg nie, almal staatmakers. Ek het van die jonger geslag ook gesien wat bewys het, dat daar ook van hulle was wat hulle kant bring het. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die basaar 'n sukses van te maak het.

Daar was volop tuisgebak, naaldwerk, basaarpoeding, aartappelskroewe, ens.

Die kindertafel was 'n fees om na te kyk. Die vrou wat by daardie tafel die vort gehou het, het so 'n paar danspassies uitgevoer! Sy was duidelik baie vrolik.

Daar was te kus en te keur by elke tafel. Te veel om al die bydraes op te noem.

Almal was so vriendelik en behulpsaam

ten spyte van al die harde werk. Julle almal is tops! Julle word waardeer. Gooi nie pannekoekbakkers weg nie. Julle was weer raakvatters. En wat van die potjiekos se bydraes. Ek het nou nie kennis van dit nie, maar dis altyd uit die boonste rakke. Die manne ken die "job". Vir my lyk dit na 'n duur "storie" met al die bestanddele, maar is altyd van goeie gehalte.

Ek weet, elkeen wat by die basaar gewerk het, het dit met liefde gedoen.

Lank gelede was gesê van die Petrus Steyn se vrouens dat hulle staatmakers is, en altyd gewillig was om hulle kant te bring.

Dieselfde kan gesê word van al Heilbron se vrouens wat ook staatmakers is. Gooi nie die Heilbron se manne ook weg nie!

Die Here gebruik elke talent, hoe gering dit ook al mag wees.

Mooi só, hou só aan.



Wesdan Boerderye beskik oor die volgende pos:

Halfdag Administratiewe pos

Vereistes:

- Goeie administratiewe ondervinding sal tot voordeel wees.
- Moet rekenaarvaardig wees.
- Pligsgetroue, verantwoordelike, georganiseerde persoon word verlang.
- Matriek is 'n vereiste.
- Enige na-skoolse opleiding sal tot voordeel wees.

Stuur asb. CV's vir aandag -
Tsaats Hattingh
na die volgende e-pos adres:
hbh@carfone.net

Herald

Office
National

Office or
Home Office,
a desk for all your needs!

Desk 1200 x 600, 32mm Top White Carcas | Colour Top Mobile Economy Pedestal with 1 X Drawer and Open Filing Space

WHITE CARCAS - COLOUR DRAWER FRONT



R2250 incl. VAT

Valid till the 30th April

Available in: Vancouver Maple, Storm Grey, Verzasca Oak, Monument Oak, Harvard Cherry, Natural Oak, American Walnut

44 Els Street, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033 | E-Mail: heraldoffice@heilbron.co.za

Excluding Delivery and Installation

Herald Sport

Kopanang gholfdag wag vir jou

Golfers kan uitsien na 'n heerlike saamkuier en lekker gholfe met goeie geselskap tydens die Kopanang gholfdag wat volgende naweek aangebied word.

Die spel formaat is *individual Stableford* en dit is ook ideaal om sommer die dag jou putjiespel wedstryd te speel. Willie Pretorius het reeds sy eerste putjiespel bepaling verlede week gewen teen Johan Weilbach, Johan se aandag was nie by die spel nie omdat hy met die een oog na sy Superbru-telling wou kyk. Hy is vir die eerste keer in die eerste tien in sy groep, maar dis nog vroeg in die seisoen.



Die HBA Monthly mug is gewen deur Eben Stander met 75 netto. Tweede was Jackie Leonard met 76. Die manne werk hard aan hulle gholfe en pluk die vrugte.

Die klubkampioenskappe is 23 Maart, lede wat wil speel moet ten volle opbetaal wees om te kan kwalifiseer.

Star Slaghuis gaan die dag se borg wees en afdeling wenners kan uitsien na 'n lekker vleispak.

Heilbron Gholfsklub is een van die min klubs wat nog 'n "properse" mug het waarvoor elke eerste Saterdag van die maand gespeel word. HBA - Heilbron Abattoir borg die mug jaarliks.

Krieket Nuus

Heilbron wen die laaste 35 boulbeurte vir die seisoen met 160 lopies. Heilbron het die loot gewen en besluit om eerste te kolf en 'n telling van 215-9 in 30 boulbeurte aangeteken.

Die wedstryd is verkort na 30 boulbeurte toe! Sharpville kon net 55 aanteken. Die kolf statistieke staan as volg: 1. Wikus van Wyk met 107 lopies nie uit

nie (18x4) (2x6). 2. Ifran Arshad met 37 lopies (4x4) (2x6). Boulstatistieke: 1. Peet Saayman - 2 boulbeurte, 3 paaltjies en 7 lopies afgestaan 2. Ifran Arshad - 5 boulbeurte, 2 paaltjies en 13 lopies afgestaan. Heilbron speel Saterdag 'n vriendskaplike wedstryd teen Edenville op Heilbron se veld.

Die wedstryd sal om 12:00 begin.



Ruiterklub Nuus



Op 23 Februarie 2019 het 26 ruiters deelgeneem aan die middagrit wat deur Corné en Magda van Der Merwe aangebied was. Hendrik en Amanda, twee van die nuwe lede het ook die rit meegemaak. Dit was 'n lieflike sonskyndag, en die wind het net genoeg geroer om die hitte draaglik te maak. Die veld was pragtig groen en almal het die rit van +- 15km terdeë geniet. Marnus het gehelp om die klub se voorval statistiek te herskryf, toe sy perd in 'n gat trap, en hy sy skouer uit potjie val. Nie verniet die gesegde van, elke

sport het maar sy beserings, nie. Almal is saam met hom dankbaar dat hy en sy perd nie ernstig seergekry het nie. Na afloop van die rit is die ruiters lekker bederf met koue waatlemoen, en die normale braai en lekker saamkuier. Die volgende rit word aangebied deur die dorpenaars, dit sal 'n middagrit wees om 13:00, en vind plaas op 30 Maart 2019 by Willem en Marilize Loots (RSA Grain Storage Solution). Vir enige navrae rondom Heilbron Ruiterklub of ritte wat plaasvind, kontak gerus vir Eddie Swart by 082 449 9113.



GiG Technologies (Pty) Ltd

Adriaan Smit | Director
Office: 082 1367131 | Cell: 012 840 8880
Email: adriaan@gigtechnologies.co.za

- Alarm Systems
- Computer products
- Computer Repairs
- Web Development
- Internet Service
- High Quality CCTV Installations

Vakante Betrekking - Tegniese Assistent

Benodig die dienste van 'n jong man wat bereid is om te leer.

CV kan gestuur word na: adriaan@gigtechnologies.co.za
of ingehandig word by: Kerk Straat 44

BESIGHEIDSURE

MAANDAE TOT DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYPDAE - 07:30 tot 16:30
SATERDAE - 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryf-behoefte benodighede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

AN ULTRA-STYLISH, affordable must have this winter!

SOFTSHELL JACKET

Price includes one position Digital Transfer branding
*Set-up fee applies

R420 incl vat

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

BKB Louwido NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 11 MAART 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

DONDERdag - 14 MAART 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 062 349 3189

VRYPdag - 15 MAART 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4966

SATERdag - 16 MAART 2019

FRANKFORT WILDSVEILING
Trofee & aantal wild beskikbaar
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

www.bkb.co.za
BKB Louwido NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9630
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwido.co.za